Tema: Die Heilige Gees bewerk onderlinge meelewing deur aan jou en elke ander lidmaat gawes te gee waardeur ons op gelyke manier vir mekaar sorg dra.

Lofsang met die oog op die erediens
Ps 110-3: 1, 2
Lied 334: 1, 3, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 164: 1, 2
Votum
Seën
Loflied: Sb 1-2: 1, 2
Geloofsbelydenis: Sing Sb 8-3: 1

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Romeine 12: 9 - 21 (Wilma Viviers)
Sing: Lied 431:1, 2
Gebed (Riaan Andersen)

Woorddiens
Skriflesing: 1 Kor 12: 12 - 31 (?
Teks: 1 Kor 12: 12 - 14
Sing: Lied 530: 1, 2 – kleintjies vir hulle Woordbediening
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes (kinders help opneem)
Gebed vir Bediening na Buite (eenheid van die ware kerk)
Sing: Lied 448: 1, 4
Seën
Amenlied Sb13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons het die afgelope week met ons fokusgedeeltes gekyk na wat die Here ons in die Woord leer oor die onderlinge meelewing in ons gemeente. Ons het gehoor dat hierdie onderlinge meelewing ŉ werklikheid word wanneer lidmate mekaar in liefde met hulle gawes dien!

Een van die eerste grootste struikelblokke wat ons ondervind om hierdie onderlinge meelewing tot sy volle werking te bring, is die feit dat ons steeds vanuit ŉ menslike oordeel na die gemeente se funksionering kyk. In praktyk beleef ons steeds die gemeente as ŉ menslike instelling wat volgens menslike beginsels moet funksioneer. (**wys skyfie 1)**
Daar moet ŉ struktuur wees soos wat ons dit in ander instansies in die wêreld vind. Soos bv. ŉ skool: heel bo is daar die skoolhoof en hy is die leier. Onder hom is die vise-hoof en onder hom die bestuurspan. Onder hulle is die onderwysers en admin. Personeel en dan heel onder: die leerders. – So ook bv. ŉ maatskappy – aandeelhouers, besturende direkteur, personeel, werkers.

En die probleem is dat ons hierdie model ook op die kerk van toepassing wil maak: die dominee is die "hoof", die ouderlinge as bestuurspan is onder hom, en onder hulle is die diakens en heel onder die lidmate! En ons maak van sommige mense belangriker as ander!
As jy vir mense sou vra: Wie doen die belangrikste werk in die gemeente? Dan sal die antwoord dikwels wees: die dominee!

Brs en srs, daar is egter ook ŉ tweede struikelblok wat kragtige onderlinge meelewing belemmer en dit is dat ons as lidmate op ŉ sondige manier daarin optree. Ons wil graag vir onsself ŉ **belangrike plek in die gemeente toe-eien** en in die proses ander lidmate uitskuif omdat ons dink hulle is onbelangrik!
So sou die vraag gestel word: sonder wie sou ons wel kon regkom? Mense wat ons nie veel sal mis as hulle nie meer hier is nie?

Wanneer ons dus met die verkeerde model werk en ook nog die model inklee met ons eie sondige behoeftes dan belemmer ons die onderlinge meelewing en dan kan die gemeente nie haar volle potensiaal uitleef nie!

Daarom, br. en sr, wil die Here ons vanmore weer nuut laat dink oor onderlinge meelewing: dat ons in die eerste plek reg dink oor samestelling en die organisering van die gemeente en tweedens elkeen van ons wys op die plek wat Hy aan ons in die gemeente gee:

Ons kan die boodskap so formuleer: Die Heilige Gees bewerk die onderlinge meelewing in die gemeente. Hy gee aan jou en elke ander lidmaat gawes waarmee ons op gelyke manier vir mekaar sorg dra!

Kom ons kyk dus:

1. Hoe God die gemeente deur Christus en die Heilige Gees laat funksioneer
2. Hoe die Heilige Gees die onderlinge meelewing in sy volle krag ontplooi deur gawes wat Hy aan elkeen van ons gee. – die verskeidenheid
3. Met die gawes wat elkeen ontvang dra ons gelyke sorg vir mekaar! – die eenheid

Die lidmate van Korinte het ook verkeerde geredeneer oor die funksionering van hulle gemeente. Hulle het gereken daar is mense met belangrike gawes en mense wat nie die gawes het nie, is minder belangrik. Wanneer mens die hele brief lees en veral hoofstukke 13 en 14, dan sien jy dat hulle – net soos ons – sommige gawes wou uitlig as die belangrikste.

Daar was in daardie tyd nog nie ŉ volledige geskrewe Bybel soos ons vandag het nie en die Heilige Gees ŉ gawe van mense wat in vreemde tale spreek gebruik om sy wil aan die gemeente bekend te maak. Saam met die unieke gawe het die Heilige Gees ook mense gegee wat die vreemde taal kon uitlê en dit is gebruik het om mense te onderrig. Die lidmate van Korinte was so beïndruk met gemeentelede wat die unieke gawe ontvang het, dat hulle dit as die beste gawe gesien het en almal wou dit hê!

<u>Wie so redeneer verstaan glad nie God se plan met sy gemeente nie en sal op die wyse die gemeentelike onderlinge meelewing verwoes.</u>

Kom ons kyk:

1. **Hoe God die gemeente deur Christus en die Heilige Gees laat funksioneer**

God het ons deur Jesus deel gemaak van die kerk. Daarom word Jesus in hierdie prentjie, wat Paulus in ons teksverse teken, die hoof van die kerk genoem!
(Wys skyfie 2)
Vers 12 leer ons dat Jesus die Hoof van die liggaam van God, die kerk, is! Hy het ons van die sonde en die dood kom red deur op aarde te kom lewe en met sy dood en opstanding ons los te koop van die duiwel en sy magte en deel te maak van God se huisgesin. Daarom is Jesus ons “Here” en dit beteken: Jesus is die baas – Hy is die hoof! Ons moet net na Hom luister in die kerk. Die woord “kerk” beteken “versameling van gelowiges” en hier teken Paulus die kerk vir ons as ŉ liggaam! Christus is die hoof!

En ons is die liggaam met al die verskillende liggaamsdele en ledemate! Hoekom ŉ liggaam! Want ons is <u>nie ŉ dooie struktuur wat deur mense bedryf word nie – maar ŉ lewende liggaam wat deur God lewe en bestaan</u>! **<u>Ons lewe as gemeente, brs en srs, is uit God! Dat ons gemeente kan wees en onderling saam kan lewe, is ŉ wondergawe van God en Hy hou ons in stand!</u>**

Christus het ons as't ware lewend kom maak en **Hy het elkeen wat glo deur die Heilige Gees in sy liggaam, die kerk, ingebring! Vers 13** leer ons dat Christus dit op 'n baie besonderse manier gedoen het! Paulus gebruik die beeld van die doop om te beskryf hoe Christus ons lidmate van sy liggaam gemaak is. Elke gelowige is met die Heilige Gees gedoop!
(Illustreer met water en spons)

Daarom leer die Here ons in die tweede plek hoe die Heilige Gees die onderlinge meelewing in sy volle krag ontplooi deur gawes wat Hy aan elkeen van ons gee. – die verskeidenheid

Elke gelowige ontvang die Heilige Gees wat in jou kom woon en jy word as't ware deurdrenk met die Heilige Gees en die "water" wat van jou afdrup – is die gawe wat die Heilige Gees aan jou gee! Elke lidmaat ontvang 'n baie spesifieke gawe of gawes van die Here. Besondere vermoëns wat ek moet gebruik om die ander lidmate mee te bedien!

Ware onderlinge meelewing gebeur dus waar gelowiges verstaan dat hulle elkeen 'n gawe gekry het en gedurig bid om vervulling met die Heilige Gees sodat ons hierdie gawe met volle krag in die gemeente kan gebruik. **Want net soos wat die sponsie droog word** , word ons gawes as't ware ook droog, gebruik ons dit nie **met volle krag wanneer ons nie in en deur die Heilige Gees leef nie.**

So, br. en sr, het elkeen van ons 'n gawe van die Gees ontvang en vers 18 sê dit is presies soos God dit aan my wou gee! Wie ek is en hoe God my wil gebruik in sy gemeente!
(Wys skyfie 3 en 4 en bespreek) Elkeen is met die Gees gedoop om in die gemeente te kan funksioneer met 'n besondere gawe!

Ek mag dus nooit sê: ek kan of wil nie iets vir die gemeente of vir ander mense doen nie – dan is ek bloot ongehoorsaam aan die Heilige Gees! Dan strem ek die lewe van die gemeente as liggaam van Christus!

Brs en srs en liewe kinders, kom ons verwonder ons vanmore oor die feit dat God my en jou op so 'n besondere manier in sy liggaam in gebring het en ons so wil gebruik! **Kom ons bid voortdurend dat die Heilige Gees ons bewus maak van ons gawe en ons kragtig met hemelse krag vervul om voluit ons gawes in ons gemeente te gebruik!** Waar elkeen van ons besig is om iets vir die ander te doen en op een of ander manier by te dra dat die gemeente 'n lewende en liefdevolle plek is!

Die Heilige Gees sorg juis vir 'n verskeidenheid van gawes wat nie dieselfde is nie! En Hy doen dit sodat die liggaam kan funksioneer. Paulus beskryf dit baie

duidelik: ons kan nie almal oë of ore of harte of voete of hande wees nie! Dan is dit nie ’n liggaam nie! Om as liggaam behoorlik te funksioneer het jy al die liggaamsdele nodig!

Kinders: vra: kan ’n mens net met een been normaal loop? Nee! Jy het twee bene nodig! Nie eers drie bene soos gister met die driebeenreisies nie – net twee bene!

Geliefdes, so is daar ’n verskeidenheid soos God dit vir elkeen gee en nie een van ons is belangriker as die ander nie! Die dominee is nie belangriker as die kleinste kindjie in die gemeente nie! Die ouderling nie belangriker as die diaken nie! Die man nie belangriker as die vrou nie, die grootmense nie belangriker as kinders nie! Jongmense nie belangriker as oumense nie! Mense wat kan preek en bid nie belangriker as mense wat vir bejaarde of siekes sorg nie! Mense wat kan organiseer nie belangriker as mense wat hard kan werk om die dinge te laat gebeur nie!

Daarom leer die Here ons in die derde plek dat ons gelyke sorg vir mekaar moet dra! Niemand is belangriker as die ander nie. Daarom nie ’n driehoek-beeld nie – maar ’n liggaamsbeeld.
Soms is die boude belangriker as die oë! Ja, die Here leer ons hier dat ons juis die minder aansienlike dele van ons liggaam met mooi klere bedek om dit aanvaarbaar te maak – net so moet ons diegene in die gemeente wat ons - ten onregte - as die minder belangrikste beskou – die belangrikste maak!

Wie dink julle is die minder belangrike mense in ons gemeente? Vraag .....
Juis hulle moet ons ophef en belangriker maak as die mense wat ons dink die belangrikste is!

Want geliefdes, die Here leer ons dat hierdie verskeidenheid van gawes nie sonder mekaar kan bestaan nie! Ons is ook ’n eenheid! Die liggaam is een organisme – een eenheid en ons kan nie sonder mekaar funksioneer nie! Ons is een liggaam – ons het mekaar nodig!

Ek of jy is nie die belangrikste nie in die gemeente nie maar ek en jy is ook onmisbaar in die gemeente! Die Here het elkeen nodig in sy liggaam! Ons moet toesien dat almal geleentheid kry om hulle gawes te gebruik! Ook die wat ons dalk dink die kleinste of minste gawe ontvang het! Juis – hulle – leer die Here ons vanmore – moet ons ophef, die mooiste aantrek! Ons moet hulle aanmoedig, benut en gebruik – dan word die gemeente as liggaam kragtig in liefde en in dade! Dan word onderlinge meelewing ’n kragtige werking wat God se gemeente ’n lieflike en heerlike plek maak!

Waar almal volledig lidmaat kan wees en waar ons gelyke sorg vir mekaar dra!
(Wys skyfie 5)

So, br. en sr, wil die Here jou ook in hierdie gemeente gebruik! Jy is onmisbaar! Jy is met die Gees gedoop en God wil jou gebruik! Moenie skaam wees of eenkant staan nie! **Moet jouself nie onttrek omdat jy dink jy is minder belangrik nie!** Ons moenie op mekaar se gawes jaloers wees nie. Ons weet mos nou die een is nie belangriker as die ander nie! **Moenie jou onttrek omdat jy dink dat ander hulle gawes verkeerd gebruik nie! Moenie eenkant gaan staan omdat jy nie met alles saamstem nie!**
Kom versterk juis die eenheid van die liggaam en moet dit nie opbreek nie!

Geliefdes, aan die ander kant moet ons almal sorg dat elke lidmaat betrokke is en hulle gawes gebruik! Daarvoor roep die Here ook sommige mense – om hierdie liggaam te lei en te dien sodat elkeen tot volle werking kan kom! So leef die gemeente van die Here en word ons kragtig deur die Gees gebruik! As net sommige gawes gebruik word dan word ons ’n gebreklike liggaam wat siek is en nie kragtig sal kan werk nie!

Brs en srs, wat ’n heerlike voorreg om in Christus deel te wees van sy liggaam, die kerk! Ons is nie ’n menslike struktuur wat deur mense bestuur of van mense afhanklik is nie! Ons hoof is Christus en ons lewe deur die Heilige Gees!

Wat ’n voorreg dat ons alreeds baie hiervan in ons eie gemeente kan beleef! Die hele Oosdopperfeesprojek is ’n baie praktiese uitlewing hiervan! Ons het almal met ’n verskeidenheid van gawes nodig wat uit liefde vir die Here en sy liggaam, hard werk en mekaar dien! Maar ook in ander terreine: onderlinge liefde, omgee, voorbidding, besoeke, versorging van behoeftiges, en sovele voorbeelde! Wat ’n wonderlike voorreg!

Wat ’n wonderwerk dat ons in die Heilige Gees gedoop is en dat ons nou verstaan dat dit nie om ons eie eer of voordeel gaan nie en dat elkeen van ons vir die liggaam van Christus belangrik is! Ons is nie die belangrikste nie – maar elkeen van ons is onmisbaar! Ook jy en jou gawe is vir die Here Jesus onmisbaar!
Ons, ek het jou nodig!

En so bewerk die Heilige Gees ons gemeente tot heerlike onderlinge meelewing, liefde, diens, versorging tot opbou van almal en tot eer van ons Here.

Amen